

JAARVERSLAG 2017

Drakensberger Beestelersgenootskap van Suid-Afrika

JAARVERSLAG 2017

Verslag van die Drakensberger Beestelersgenootskap en die Raad se werksaamhede gedurende 2016/17

INLEIDING

Die politiek in Suid-Afrika het die speelbal van ‘n paar ryk families geword en politici blyk al die pad voordeel daaruit te trek, terwyl staatsinstellings tegnies bankrot is - en steeds duur die spel voort. Wat ‘n warboel! Tog moet ons sin maak van alles ter wille van ons toekoms in ons mooi land.

Die jaar 2017 skop baie positief af wat ons reënval betref en weiding herstel ewe goed na die droogte van 2015/16. Speenkalfpryse skiet die hoogte in - tot R34.00 per kg of R8 000.00 per kalf is lank nie meer vergesog nie. Rekord mielie- en sojaboon oeste is op die lande en die hoop bestaan dat hierdie rekordpryse ook sal oorspoel na ons veilingspryse.

RAAD

Die raad funksioneer goed en vier raadsvergaderings word gehou - twee in Parys, een in Bloemfontein en een in Vrede. Ses telekonferensies is deur die dagbestuur gehou en verder is talle sake hanteer deur middel van e-posse, telefonies en met WhatsApps. Die dagbestuur en raadslede het baie ure en tyd spandeer aan die werksaamhede van die Genootskap. **Willie Landman** is vise-president, hanteer die begroting, dien op al die komitees en behartig die reklame van die ras saam met Alda Fourie. Hy is ook raadslid vir die oostelike deel van Noordwes en Botswana. **Rodney Neuman** dien op die dagbestuur, behartig die borge en alle uitbetalings word deur hom goedgekeur. Hy is ook verantwoordelik vir die Nasionale Veiling en Oos-Vrystaat. **Dr Johann Fourie** dien op die dagbestuur, is sameroeper van die tegniese komitee en verantwoordelik vir navorsingsprojekte en vir die westelike deel van Noordwes en die Noord-Kaap. Hy tree op as 'n beskermheer op die Nasionale Veiling. **Fanie van Dyk** is die raadslid verantwoordelik vir Nampo se reëlings en hy spandeer die hele week daar. Sy streek is die Suid-Vrystaat en die Karoo. **Pikkie Uys** is Mpumalanga se verteenwoordiger en behartig die jaarlikse keurderskursus op Gryshoek. Hy is ook ‘n beskermheer op die Nasionale Veiling en is betrokke by die genetiese beplanning en die reël van die keuringstoere. **Henk Delport** is die raadslid vir Noord- en Wes-Vrystaat, is ons Stamboek verteenwoordiger en is betrokke by die genetiese beplanning. Hy sorg ook dat ons Nampo stalletjie skoon en gereed is vir aksie. **Jean van der Merwe** is raadslid vir Gauteng en ons man vir tegnologie. Hy is betrokke by ons nuwe webtuiste en die gereelde opdatering daarvan. Jean is aktief op Facebook en soos dinge gebeur, weet die wêreld daarvan. Jean is ook betrokke by die jaarlikse keuringskursus, Nampo en die reëlings van die Nasionale Veiling. **Louis Botha** is verantwoordelik vir KwaZulu-Natal en betrokke by die jaarlikse opknappingskursus van die keurders. Hy is ook ‘n beskermheer op die Nasionale Veiling. **Dr Bobbie van der Westhuizen** is Stamboek se verteenwoordiger op die Raad. **John Roos** is ere-president van die Genootskap.

SEKRETARIAAT & ADMINISTRASIE

Ronandé Wiese is ons sekretaresse en benewens haar pligte op kantoor was sy by al ons vergaderings en het haar huisgesin opsygeskuif om by Nampo te wees. Ek wil haar nou reeds bedank vir alles wat sy vir ons doen en ook haar positiwiteit elke dag. Wilanna Coetzer hanteer al ons navrae by Stamboek hanteer en sy doen dit uitstekend. Die twee dames by die sekretariaat wat ons finansies hanteer is Eleanor de Jager wat die debiteure hanteer en Yvonne Binding wat alle uitbetalings hanteer en die finansiële bestuur behartig. Hulle doen uitstekende werk en ons wil ook ons dank daarvoor aan hulle oordra.

FINANSIES

Soos in die finansiële state weerspieël word, word die finansies baie noukeurig bestuur. Die begroting word deur Willie Landman opgestel en bestuur. Alle uitbetalings word eers deur Rodney Neuman goedgekeur. Debiteure wat 120 dae oorskry is egter ‘n probleem en ons moes noodgedwonge aksie neem.

TEGNIES

Dr Johann Fourie is die sameroeper van die tegniese komitee, wat in Pretoria by Stamboek se kantoor vergader het. Dr Japie van der Westhuizen, dr Bobbie van der Westhuizen, dr Johann Fourie, Magiel Blom, oom Eli van der Merwe en dr Frik Barnard was teenwoordig. Dr Bobbie van der Westhuizen sal meer breedvoerig verslag doen. Rondom teelwaarde riglyne en samestelling van koeiwaardes vergader ons twee keer (een keer in Parys en een keer in Vrede), met dr Bobbie van der Westhuizen en dr Helena Theron namens Stamboek, dr Johann Fourie, Willie Landman, Magiel Blom, Henk Delport en Pikkie Uys namens die Raad. Oom Danie Bosman is ook betrokke en lewer voortreflike insette. Frik Roux en oom Eli van der Merwe is ook betrokke. Die samestelling van koeiwaardes is gewysig en word reeds in die genetiese verslag van Maart 2017 aangedui. Teelwaarde riglyne is saamgestel en daar is genoeg ruimte vir variasie binne die ras. Dit is egter belangrik om te onthou dat dit slegs 'n riglyn is en nie 'n vereiste nie.

NAVORSING

Verskeie studies is in proses. By die Universiteit van Pretoria is Prof Esté van Marle-Köster en Dr Carina Visser besig met studies rakende dubbelvel (dermato-sparaxis), dubbelbespiering, marmering, kleurvariasie en wit bo die onderlyn. In die studie rakende die poenageen het Roelin Grobler reeds ver gevorder en het Derick Orsmond reeds baie insette gelewer. By die Universiteit van die Vrystaat met Prof Frikkie Neser betrokke word testesomvang/volume by jong bulle in groeitoetse ondersoek. Die studie word gedoen deur Adri O'Neill en sal van groot waarde wees wanneer dit voltooi is. Liesel Foster het haar PhD behaal ná 'n studie oor drie jaar oor leksamestellings en die resultate van diereproduksie. Me Lené Pienaar van die LNR het 'n studie gedoen oor rasse se samestellings.

"BEEF GENOMICS PROGRAMME" (BGP)

Werkswinkels is bygewoon deur dr Johann Fourie, Magiel Blom, Henk Delport, dr Liesel Foster en Derick Orsmond. Ons ras se verwysingsraamwerk sal in die volgende jaar gedoen word en daar sal 'n duisend profiele beskikbaar wees.

REKLAME

Me Alda Fourie het ons beplanning vir reklame behartig en ook die uitvoering daarvan gekoördineer. Veeplaas en Farmers Weekly pakkette is hanteer asook radio-onderhoude. Die Farmers Weekly bylaag is deur haar behartig. Dit verskyn die eerste week in Mei 2017 - dank aan al die adverteerders wat hierdie bylaag moontlik gemaak het. Borge het weer eens 'n groot bydrae tot ons raspromosie gelewer en hier het Alda en Rodney Neuman leiding geneem. Die volgende aksies vind plaas:

Nampo

Nampo is jaarliks ‘n groot bemarkingsgeleentheid. Henk Delport en Pieter Esterhuizen sorg vir die stalletjie en alles is skoon en nuut geverf met nuwe baniere. Dankie aan hul albei. Fanie van Dyk, Piet de Villiers en Ronande Wiese is elke dag op hul pos. Gawie en Frik Roux voorsien die bul, koei en kalf vir die binne kraal. Willlie Landman en Jean van der Merwe is ook betrokke by die geleentheid en voorsien kruiskalwers vir die buite kraal. Henk laat maak drasakke om uit te deel en telers wat as borge optree is Delram, Rouvus, Black Hills, Black Fox, Mambane, Hymgert, Frelon en Cumin.

Inligtingsdae

- Die Fox in the Hills inligtingsdag vind op 2 Julie 2016 plaas te Rooipoortjie, Potchefstroom en ongeveer 150 gaste daag op vir hierdie dag met oom Danie Bosman as spreker.
- Neuman Broers hou hul inligtingsdag op Newlands, Vrede met goeie belangstelling en bywoning. Verskeie sprekers tree op en dr Hannes Dreyer is betrokke by die reëlings.
- Rouvus inligtingsdag vind voor hul veiling plaas en oom Danie Bosman is die spreker.
- Die 6+ Telers hou hul inligtingsdag op 20 Augustus 2016 op Helderfontein, Brandfort.
- Die Vrystaat studiegroep hou op 1 Februarie 2017 hul inligtingsdag by Marthinus Willemse te Memel.
- Die Gryshoek (OTDK) inligtingsdag vind op 8 Maart 2017 plaas en is ‘n reuse sukses met meer as 200 besoekers en verskeie sprekers. Baie beeste en skape word ten toon gestel.

Ander aktiwiteite

- Rouvus hanteer 'n uitstalling by Senekal skou.
- Amersfoort Gholfdag (OTDK) met Corné van der Merwe en Pikkie Uys.
- Petrus Taljaard stal uitsonderlike diere uit by Ermelo skou.
- Bronkhorstpruit hou ‘n skole dag waar Jan Ehlers ‘n bul uitstal.
- Dr Johann Fourie stal diere uit te Hartebeesfontein.
- By Hekpoort is Johan van Staden en Martin van Wyk betrokke.
- By die jaarlikse Kersiefees is Delram een van die borge en word die fietstoere deur sy plaas en verby sy Drakensbergers gelei.
- Die derde jaar Tukkie Landboustudente besoek Rosedale Vrede op 5 Oktober 2016 waar Louis Botha en Rodney Neuman die Drakensbergers met hul bespreek . Dr Hannes Dreyer reël hierdie besoek.
- Stamboek se Logix vleisbeesforum hou inligtingsdae in 2016 waar toekennings in die klasse Goud, Silwer en Brons gedoen word. Edwin Schroeder is die wenner vir KwaZulu/Natal en Black Hills vir die Noord-streek - Platinum kuddes.
- Bloemfontein skou 2016 – Rouvus neem deel aan die Groeitoetsklas met GR130073. Rouvus se koei GR060606 is die Landbouweekblad Platinum koei.
- By die Jakaranda skou 2016 in Pretoria word Jan en Elna Dhooge se D’Hofstee kudde aangewys die Gauteng wenner van die kudde kompetisie. Neuman Broers se HN040080 is die Farmers Weekly koei.
- 2017 Logix Vleisbeesdae is reeds gehou en Rouvus (Gawie en Frik Roux) is aangewys as die Vrystaat se Platinum kudde en Black Hills (Willie Landman en Jean van der Merwe) as die Noord-streek s’n. Albei die kuddes is deel van die top 10 kuddes oor alle rasse wat by Stamboek diere-aantekening doen. Sterkte met hul deelname waar die Nasionale Kudde van 2016/17 aangewys word. Die kuddes wat die toekenning vir Goud ontvang is Neuman Broers (Hymgert), LA Neuman (Frelon), Edwin Schroeder (Bollie), Frannie du Toit (Turfkuil), Fanie van Dyk (Brakenjan), Carel Nel (Grasmunt), Freddie Wasserfall

(Otjiwa) en Magiel Blom (Embee). Silwer word toegeken aan dr Liesel Foster (Quaggafontein), Jan Dhooge (D'Hofstee) en Dr Hans Schütte (Hansel) en Brons aan Dr Johann Fourie (Black Fox), Oom Kobus en Francois Weideman (Bloubosput), Jan Ehlers (Kwars), Johannes Retief (Nadau), Bezuidenhout Broers (Swartbult), Henk Delport (Delram), Eli van der Merwe (Blyde) en Dries van der Walt (Erfenis).

Jeugskoue

Johan en Nelmarie van Staden is betrokke by 2016 Jeugskoue deelname by Lichtenburg (27 April), Bekker by Magaliesburg (11 Mei), Wagpos by Brits (20 Julie), Jakaranda skou in Pretoria (1 September) en die Nasionale Jeugskou op 1 Oktober by Morgenzon. Op Balfour en Morgenzon skou Morgenzon Landbou Akademie met drie van hul Drakensbergers.

KEURDERS EN KEURINGSOPLEIDING

Carel Nel is ons groot indoena as dit by keurings kom. Die nuwe jaar skop af met 'n keurderskursus op Gryshoek waar Piet de Villiers oudergewoonte betrokke is. Hy word bygestaan deur Pikkie Uys en Jean van der Merwe. Willie Watermeyer en Petrus Taljaard help met die praktiese gedeelte. Agt uit 22 kandidate slaag die kursus. Die keurdersopknapping word in Vrede gehou met die vergadering en indeling van die toere deur Pikkie Uys (altesame ses toere met 25 keurders op toer). Oom Danie Bosman lei die bespreking en tydens die prakties by Neuman Broers is Carel Nel en Louis Botha betrokke. Die keurders het op die jaarlikse keuringstoere 14 000 km gery en ek wil elkeen bedank vir hierdie groot taak en vir die goeie ambassadeurs wat hul vir die ras is.

Keurings gedoen die jaar

Keurings	Bulle gesien	gekeur	Verse gesien	gekeur	Hulp A gesien	gekeur
Spesiaal	463	298	110	88		
Jaarliks	437	304	1 244	1 077	280	190
Totaal	**900**	**602**	**1 354**	**1 165**	**280**	**190**

LEDE EN GETALLE

Getalle

Na die droogte van 2015/16 se invloed op ons lede en getalle is die inligting op 01 Julie 2016 as volg:

Lede	63
Spesiale lede	8
Vroulike diere reeds gekalf	4 144
Verse bo 24 maande	1 621
Verse tussen 12 en 24 maande	1 351
Verse onder 12 maande	1 486
Bulle bo 24 maande	976
Bulle tussen 12 en 24 maande	891
Bulle onder 12 maande	1 096
Totaal	11 965
Ouderdom Eerste Kalf (OEK)	34 maande
TKP (Tussen Kalf Periode)	422

Kuddes met meer as 25 koeie:

16 kuddes met TKP onder 400 dae.

22 kuddes met TKP tussen 400 en 450 dae.

6 kuddes met TKP tussen 450 en 500 dae.

4 kuddes met TKP bo 500 dae.

Nuwe lede wat aangesluit het

- Dr Christo Smith van Saldanha.
- Infracor Drakensbergers - Derick en Liesel Orsmond van Pretoria/Carolina.
- Emmerenthia Boerdery van Abrie Cronjé, Vrede.
- Dr Sampie Smith van Klerksdorp, ons nuutste aanwins.

SPESIALE VERMELDING

Persone wat ek spesiaal wil vermeld vir hul bydrae:

- Dr Hannes Dreyer van SAVBRSA.
- Oom Danie Bosman, ‘n spesialis konsultant.
- Dr Bobbie van der Westhuizen van SA Stamboek.
- Dr Helena Theron van SA Stamboek.
- Me Wilanna Coetzer van SA Stamboek.
- Freddie Wasserfall as President van SA Stamboek.
- Johannes Retief as verteenwoordiger in die Karoo.
- Piet de Villiers vir opleiding van leerders.

TOEKENNINGS VIR 2017

AS van Niekerk Skild vir kudde onder 100 koeie met beste TKP:

Black Hills 370/85

Embee Trofee vir kudde bo 100 koeie met beste TKP:

Neuman Broers – 384 dae/130 koeie

Pfizer Trofee vir die bul met die beste VOV:

Delram Drakensbergers met D140126 4.91/1

AECI Trofee vir kudde met beste vordering:

Black Hills

Eppie Nel Trofee vir persoon wat uitstaande diens lewer:

Johan van Staden & familie

Rouvus Toekenning vir die kudde met die beste Speen teelwaardes:

Gawie Roux

BEDANKINGS

Alle eer lof en dank aan ons Heer wat alles aan ons toevertrou. Dankie aan elkeen wat in hierdie jaar bygedra het tot die sukses wat ons behaal het. Dankie aan die Dagbestuur - Willie, Johann en Rodney - vir jul ondersteuning, aan die Raad vir jul bydrae en aan elke lid wat positief reageer het. Dankie aan al ons dames wat so gereeld reggestaan vir ons. Aan Linda, my woorde is te min om dankie te sê vir al jou geduld en verdraagsaamheid oor die jare en veral die laaste 12 jaar. Ek sluit af met ‘n gedeelte uit ons ou volkslied:

> *"Op U Almag vasvertrouend het ons vadere gebou - skenk ook ons die krag, o Here, om te handhaaf en te hou. Laat die erwe van ons vad're ook erwe vir ons kinders bly – knegte van die Allerhoogste teen die hele wêreld vry. Soos ons vadere vertrou het, sal ook ons vertrou, o Heer. Met ons land en met ons nasie, sal dit wel wees - God regeer."*

Magiel Blom
Mei 2017